# Die 'postmoderne' stempel in die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek

G C J Nel & A G van Aarde
Universiteit van Pretoria

Abstract
The 'postmodern' stamp in the hermeneutics of the New Testament

It is often said that we are presently in a 'postmodern' age. A variety of definitions and opinions are given on what 'postmodernism' should be. Writers and interpreters increasingly call themselves 'postmodern'. This study focuses on reader-response criticism and the political reading of texts as two approaches which make themselves known as 'postmodern'. In the light of the insights of Jacques Derrida the essence of postmodernism is put into words and the claims of our being 'postmodern' are weighed up.

## 1. INLEIDING

### 1.1 Program van ondersoek

Ons bespreek kortliks eerstens die leser-responskritiek en die politieke lesing as twee onderskeibare benaderingswyses tot tekste. Veral die werk van E V McKnight kom ter sprake met betrekking tot eersgenoemde, terwyl veral J A Loubser se uiteensetting van laasgenoemde onder oë geneem word. Vervolgens word gepoog om in enkele gedagtes die essensie van 'postmodernisme' te verwoord deur die taalsiening van Ferdinand de Saussure en Jacques Derrida teen mekaar op te weeg.

* Ingedien en aanvaar as deel van die vereistes vir die BD-graad (1991), Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, onder leiding van prof dr A G van Aarde.

Sodoende sal ons poog om die begrip 'postmodernisme' te definieer. In die slotgedeelte word die aansprake van onder andere McKnight en Loubser om as postmoderne denkers beskou te word, in die lig van veral J M Kirsten se insigte krities oorweeg.

## 2. DIE AANSPRAAK OP POSTMODERNISME

### 2.1 Leser-responskritiek

Daar word gewoonlik tussen resepsieteorie en leser-responskritiek onderskei. Volgens Holub (1984:XIII) kan dit op grond van verskeie kenmerke gedoen word. Eersgenoemde is 'n beweging wat oor die wêreld versprei is sonder enige kontak tussen eksponente, terwyl laasgenoemde 'n meer koherente, kollektiewe onderneming is. Beide terme verteenwoordig oorkoepelende teorieë waaronder uiteenlopende modelle geakkommodeer word (vgl ook Lategan 1987:112). Vir ons doeleindes kan die terme uitruilbaar gebruik word omdat ons alleen belangstel in die onderneming waar die verhouding teks-leser ondersoek word en waarmee sowel die resepsieteorie as die leser-responskritiek te make het. Lategan (1987:112) definieer resepsieteorie (of leser-responskritiek dan) as '...'n rigting in die literatuurwetenskap wat hom spesifiek besig hou met die teoretiese besinning oor die verhouding tussen die teks en die ontvanger van daardie teks'. Holub (1984:XII) sien resepsieteorie as 'n wending van blikrigting vanaf die outeur en sy werk na die leser en sy ervaring toe. Van Aarde (1985:549) sien leser-responskritiek as 'n derde fase in Bybelse hermeneutiek waarin die klem telkens verskuif is: vanaf die vraag na die historiese wording van tekste in die eerste na die immanensie van en die strukture in die teks in die tweede tot uiteindelik die derde waar die teks en die leser die aandag kry – die sogenaamde leser-responskritiek. Fowler (1989:12) onderskei twee hoofkomponente in leser-responskritiek:

* konsentrasie op die leser en die leeservaring, en
* die ontwikkeling en gebruik van 'n kritiese model van lees.

Vir Lategan (1987:112) behels resepsieteorie die beskrywing van die kommunikasieproses deur middel van geskrewe tekste in terme van:

* die verhouding tussen sender en teks;
* 'n strukturele ondersoek op die teks self en
* resepsie (die verhouding teks en ontvanger[s]).

Die oorwegende in hierdie benadering is dus die fokus op die rol van die leser. Wat vir die doeleindes van ons studie belangrik is en dus die aspek van die leser-responskritiek is wat ons wil uitlig, is die wyse waarop die leser tot betekenisskepping kom.

Holub (1984:83) haal een van die voorste eksponente van die kontemporêre resepsieteorie, Wolfgang Iser, in hierdie verband aan. Volgens Holub (1984:90) sien Iser betekenis as die resultaat van 'n interaksie tussen teks en leser. By Iser is daar sprake van 'n ideeskeppende aktiwiteit van 'n leser. Terwyl ons lees, is ons bewustelik en onbewustelik besig om 'n beeld te konstrueer in 'n proses wat Iser 'passiewe sintese' noem. Ideeskepping is met ander woorde 'n essensiële deel van die kreatiewe verbeelding wat uiteindelik 'n estetiese objek produseer, en betekenis is dan die eindresultaat van hierdie proses. Vir Iser is daar noodwendig in enige teks sekere 'leë plekke' of gapings wat as gestruktureerde 'oop plekke' die leser tot betekenistoekenning uitnooi, hom uitlok om die ontbrekende inligting self te voorsien ten einde sin te gee aan wat geskryf is (vgl ook Van Aarde 1989:4). Hoe leser-responskritiek ook al gedefinieer word, die voor-die-hand-liggende kenmerke daarvan is die voorrang wat die rol van die leser geniet. Die leser by uitstek is betekenisskeppend.

Calinescu & Fokkema (1987:195-6) brei op Iser uit. Hulle stel dat die postmoderne leser deur die teks uitgenooi word om die proses wat deur die outeur begin is, te voltooi. Daar vind in die leesproses 'n 'dialogiese interaksie' tussen die skrywer se teks en die leser self plaas. Net soos wat dit die geval by die skrywer is, vind daar binne die leser 'n interaksie tussen die 'sielkunde' van ervaring en die leeshandeling plaas. As 'n 'mede-outeur' van die teks 'dupliseer' die leser die interpretasie van die skrywer van die teks, sowel as laasgenoemde se kontrole daaroor.

### 2.1.2 E V McKnight

McKnight is professor in die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Greenville, SC (VSA) en was medeleier van die seminaar van die *Studiorum Novi Testamenti Societas* oor die rol van die leser in die interpretasie van die Nuwe Testament.

Volgens McKnight pas die leser 'n kode of 'n groep kodes op die teks toe om sodoende sin aan die teks te gee. In die toepassing van taalkundige en letterkundige metodes op die teks, is die leser die subjek en die teks die objek (McKnight 1988:167). Die prosedure wat die leser in die aktualisering van potensiële betekenisse volg, behels die ontkenning ('disregarding') van sekere alternatiewe en die keuring van ander betekenismoontlikhede. Hierdie betekenismoontlikhede is dié waarvoor woorde voorheen diens gedoen het (kontekstuele) of dié wat op 'n eksterne wyse vasgestel kan word. 'n Leser skep betekenis in terme van 'algemene raamwerke' (wat ontstaan uit kennis van spesifieke tekste) en 'intertekstuele raamwerke' (wat kom uit kennis van tekste in die algemeen) (McKnight 1988:217).

Reeds in 1978 het McKnight in aansluitng by die strukturalisme van die Geneefse taalkundige, Ferdinand de Saussure, 'n 'comprehensive systematic approach' tot literatuur voorgestel. Die beginsels wat hy uitgespel het, was:

* die voorrang ('primacy') van die menslike aktiwiteit in die interpretasie van die teks en
* die noodwendige verband tussen die elemente en patrone van analise en die kompetensie van die mens.

In 1988 het McKnight daartoe oorgegaan om sy lesergeoriënteerde literêre kritiek die 'postmoderne' stempel te gee (vgl McKnight 1988:13). 'n Lesergeoriënteerde kritiek is vir McKnight 'postmodern' deurdat dit die positiwistiese aanname teenstaan, naamlik dat 'n leser 'n teks objektief kan benader en dat verifieerbare kennis verkry kan word deur bloot sekere wetenskaplike strategieë toe te pas.

### 2.2 Politieke lesing

#### 2.2.1 J A Loubser

Loubser is professor in die Nuwe-Testamentiese wetenskap aan die Universiteit van Zoeloeland. Ook Loubser (1990:2) verbind hedendaagse literêre teorie aan postmoderniteit. Hy beroep hom onder andere opMcKnight. Loubser meen dat een van die vernaamste kenmerke van postmodernitiet die toenemende bewussyn is dat lees en interpretasie altyd bepaalde belange in die oog het. Dit staan vir hom in kontras met wat hy bestempel as die 'modernistiese droom' van neutrale en belangelose ('disinterested'), objektiewe, gedistansieerde en abstrakte waarheid. Dit is om hierdie rede, beweer hy, dat postmoderniteit 'n ideologiese kritiek soos feminisme gunstig beskou.

Hoe sal postmoderniteit dan volgens Loubser in die politieke praktyk realiseer? Hy antwoord: In die aanmoediging van 'n pluralistiese oplossing vir konflik (Loubser 1990:4-5). Veral in Suid-Afrika waar verskillende kulture, ideologieë en teologieë 'harde kontraste' vorm, bestaan die nodigheid vir 'n koherente, geïntegreerde siening en 'n 'ware' (postmoderne) intersubjektiwiteit as ons konflik wil vermy. 'n Postmoderne bewyssyn sal ons ook help om die propagering van 'n goedkoop harmoniëring van uiterstes te vermy.

Maar dit is veral in terme van Nuwe-Testamentiese eksegese dat postmoderniteit vir Loubser waarde inhou. Gesien in die lig daarvan dat die sogenaamde apartheidsteologie 'grootliks die gevolg was van 'n mislukking van Nuwe-Testamentiese eksegese' kan postmoderniteit ons die insig bring om 'n 'wisselwerking' van teologieë in die Nuwe-Testament raak te sien en op dieselfde wyse te akkommodeer as in die geval van teenstrydige teologieë of ideologieë. Deur hierdie diversiteit aan te

moedig en deur die ontwikkeling van intertekstualiteite toe te laat, kan daar volgens Loubser 'n basis gelê word vir 'n postmoderne en meer 'suksesvolle' Bybelse teologie van die Nuwe Testament. Loubser lê derhalwe 'n direkte verband tussen modernisme en apartheidsfilosofie en -teologie. Die verband lê vir Loubser dáárin dat daar in sowel die modernisme as die apartheidsdenke 'a blueprint for society' aan te dui is. In beide word magsbelange aangedui waardeur die mens die gemeenskap en natuur in die naam van ideologie en kultuur gemanipuleer het.

### 2.2.2 A Huyssen

Huyssen (1986:216) wil 'n raamwerk daarstel waarbinne, volgens hom, die hedendaagse kulturele en politieke veranderings as tekens van die postmoderniteit geskets kan word. Vir Huyssen is daar ten minste vier fenomene wat die postmoderne kultuur bepaal:

- *Imperialisme:* Die tydperk van die moderne verligting was vir Huyssen by uitstek gekenmerk deur imperialisme. Hierdie imperialisme wat magsbelange, eksploitasie en manipulasie in die politiek, ekonomie en kultuur tot gevolg gehad het, word nou in die postmoderne era aan die kaak gestel.
- *Feminisme:* Die vrouebeweging het daarin geslaag om betekenisvolle veranderinge in sosiale strukture en kulturele houdinge teweeg te bring en hieraan moet erkenning verleen word.
- *Ekologie:* Gedurende veral die sewentiger jare het die vrae rondom ekologie en omgewing verdiep tot die breë kritiek op moderniteit en modernisasie. Dit was hoofsaaklik as gevolg van die groeiende ekologiese sensitiwiteit wat veroorsaak is deur die kritiese ondersoek na die gevolge van modernisme en tegnologiese modernisering.
- *Bewustheid van die ander:* Daar is 'n groeiende bewustheid dat nie-Europese, nie-Westerse kulture op ander wyses as deur tegniese, ekonomiese en intellektuele dominansie georganiseer word. Hierdie bewustheid moet in 'n intellektuele ingesteldheid omskep word wat verskil van die tipiese ingesteldheid van die modernistiese intellektueel wat met vertroue 'namens die ander kan praat'. Die begrip 'die ander' verwys met ander woorde na die objek wat aan die wetenskap en ander magsbelange onderwerp word.

## 3. DERRIDA VERSUS DE SAUSSURE

Om die 'postmoderne' aansprake van die outeurs wat tot nou toe aan die orde gestel is te evalueer, gaan ons nou daartoe oor om die essensie van 'postmoderniteit' te

probeer peil. Vervolgens hou ons eers die postmoderne sentimente van Jacques Derrida voor en ook die uiteensetting van Kirsten.

As ons Derrida binne 'n taalkundige konteks aan die orde wil stel, is dit sinvol om dit te doen deur Derrida af te grens teen die vroeëre, tradisionele strukturele benadering tot taalstudie. Hierdie afgrensing geskied veral teen Ferdinand de Saussure se bydrae op die gebied van die taalwetenskap.

Die taalbeginsels van die strukturalisme waarvan Ferdinand de Saussure waarskynlik die belangrikste grondlegger is, is gegrond op sy *Cours de linguistique générale*, in Afrikaans vertaal deur Alewyn Lee onder die titel: *Kursus in die algemene taalkunde*. Laasgenoemde werk van De Saussure is 'n baie volledige en indringende bespreking van die strukturalistiese taalteorie. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die beskrywing daarvan deur Barkhuizen (1983) wat in die *HTS* gepubliseer is, gevolg word. Ook Derrida se oorspronklike werke word vanwee die kompleksiteit daarvan nie hanteer nie. Ons steun derhalwe op sekondêre werke.

Barkhuizen (1983:32) stel dat die basiese element van die linguïstiese struktuur vir De Saussure die 'teken' is. Hiervolgens besit 'n woord die status van 'n teken wat die verbinding is van 'n klankbeeld met 'n beplaalde konsep of idee. Deur die klank 'boom' te uiter word na 'n bepaalde meerjarige plant verwys. Betekenis ontstaan dan wanneer en op die wyse wat 'n spesifieke teken van 'n ander verskil (Barkhuizen 1983:20; vgl o a ook Hunter 1987:128). Op hierdie wyse kan taal dus beskou word as 'n 'differensiële netwerk van betekenis' (Hartin 1986:28). In hierdie verband moet onthou word dat 'n woord verskil van die konsep waarna dit verwys. Hierdie proses is nimmereindigend. Hunter (1987:128) sê dat tekens betekenis ontvang in 'n 'konstante spel van verskille'. Wat vir die doeleindes van hierdie studie belangrik is om raak te sien, is dat De Saussure die tekens wat woorde is, as blote aanduiders van betekenis beskou. Tekens is 'betekenislose etikette' (Hunter) wat na idees verwys wat betekenis het. Idees wat buite en bo taal staan, is die werklike voorsieners van betekenis.

Derrida bevraagteken egter De Saussure se invloedryke taalteorie. Met sy dekonstruktiewe benadering kritiseer Derrida die 'transendentale' aard van betekenis buite en bo taal (Hunter 1987:127). Derrida betwis die feit dat rede taal kan ignoreer en by 'n suiwer selfgeldende waarheid of metode kan uitkom (Hartin 1986:27; vgl De Beer 1986:436). Betekenis bestaan nie suiwer in die idee en ook nie in die verwysing tussen teken en idee nie. In die dekonstruksie verval die metafisiese, semanties-referensiële verhouding tussen betekenaar en betekende (Van Aarde 1990: 306).

## 4. POSTMODERNITEIT

### 4.1 Postmoderniteit

In postmoderniteit word gepoog om die rol van die subjek te verander. Vir Kirsten (1988:18) kom postmoderniteit daarop neer dat die 'verligte rede in diskrediet geraak het en sy teoretiese, praktiese en estetiese verworwenhede gewantrou word'.

Postmoderniteit adem 'die gees van aanklag teen die rasionalisme, humanisme, individualisme en progressiwisme' wat so tipies van die moderne era is: 'Sedert die agtiende eeu het die verligtingstradisie in 'n toenemende mate die instrumentele, natuurbeheersende rede as die draer en maatstaf van die vooruitgang van die mens erken en vereer' (Kirsten 1988:19). Dit is vir Kirsten asof die mens 'in 'n poging om hom uit die ondeursigtige magte van die natuuur te bevry deur 'n nuwe afhanklikheid, in die vorm van die ewe anonieme magsisteme van sy eie kennis en organisasie, oorval (is)' (Kirsten 1988:19). Die konsekwensie hiervan word soos volg uitgedruk: 'Die rasionalisering van die institusies wat sy eksploitering van die natuur beheer, slaan om in die "social engineering" van die mens en sy maatskaplike verhoudinge deur 'n geïnstitusionaliseerde buro- en ekspertokrasie' (Kirsten 1988:19). Dit is hierdie allesbeheersende, manipulerende rasionele subjek van die modernisme wat in die postmoderne era 'van zijn troon omlaag gehaald worden' en selfs verdwyn (Houdijk 1990:276-277). In 'n teologiese konteks vind die 'onttroning van die subjek' plaas wanneer die teologie daarin slaag van die konsekwente 'verslawing' aan die sistematiese ordening van die moderne bevry te word. Houdijk (1990:293) haal Eicher aan wat volgens hom treffend uiteengesit het hoe die teologie in die moderne tyd verlei is tot die geloof in die 'oppermagtige krag' van sistematiese ordening, soos byvoorbeeld die praktiese toepassing van Hegel se standpunt dat waarheid slegs waarheid is as dit in 'n sisteem byeengebring is. Op die teologie toegepas beteken dit dat die heilshandelinge van God in die geskiedenis eers waarheid word as dit 'sistematies-teologies' begryp word. So is dit, volgens Eicher (in Houdijk 1990:293), veral die sitematiese teologie wat in die moderne tyd in die filosofieë van modernisme gedeel het. Dit was binne die raamwerk van die teologiese ensiklopedie juis die sistematiese teologie wat gepoog het om die geheel van ons kennis en die totaliteit van lewensverbande onder een groot oorkoepelende insig te organiseer, met, en dit is vir die doeleides van hierdie studie belangrik, beheersing as doel. Die gevolg: kennis is mag. Dit verklaar ook waarom die teologie in die moderne era in 'n groot mate in antropologie opgegaan het, of soos Houdijk (1990:293-294) dit stel: 'Die theologie dreigt te verschrompelen tot niet meer dan een symbolische parafrase van het burgerlijk zelfverstaan van het moderne mens'.

Hiervan word die teologie in die postmoderne era bevry. Vir die kerk en die teologie het dit bepaalde gevolge: Houdijk (1990:293-294) formuleer hierdie gevol-

ge soos volg: 'Kerk en theologie bewegen sich dan vry en ongedwongen in het (post)moderne milieu en staan dan ook als vanzelf open voor het "andere" en "vreemde"'.

### 4.2 'n Poging tot 'n definisie van postmoderniteit

Volgens Huyssen (1986:18) is daar in die kontemporêre kultuur 'a noticeable shift in sensibility, practices, and discourse formations which distinguish a postmodern set of assumptions, experiences, and propositions from that of a preceding period'. Huyssen wys op die ingrypende veranderinge wat plaasvind in die Bybelwetenskap en in die kultuur en dat hierdie verskynsel met die term 'postmodern' aangedui word. Volgens Kirsten (1988:19) kom postmoderniteit daarop neer dat 'die eens vertroude verligtingstradisie nie langer geskik is as 'n konseptuele raamwerk waarbinne die betekenis en funksie van oorgelewerde begrippe soos "rede", "outonomie", "vooruitgang" en "versoening", en die posisie en rol van die subjek in die geskiedenis op 'n geloofwaardige wyse ter prake gebring kan word nie'. Daar vind volgens Kirsten '...'n ingrypende relativering en inperking van die draagwydte van die rede en 'n opskorting van die konstituerende rol van die menslike subjek' plaas. 'Die grondmodel van die moderne denke, die Cartesiaanse paradigma van die subjek-gesentreerde rede, word verwerp en die verligtingsproblematiek van emansipasie as 'n valse probleemstelling afgeskaf...' (Kirsten 1988:19).

Daarom handel die debat met betrekking tot postmodernitiet volgens Kirsten in hoofsaak oor die vraag na die verband tussen moderniteit en rasionaliteit. 'Die postmoderne afskeid van die moderne berus op die aanspraak om buite hierdie rasionalistiese kader te getree het en dit as horison van 'n oorwonne tradisie agter te gelaat het' (Kirsten 1988:20). Loubser (1990:1) sien postmoderniteit as 'n opstand teen daardie beginsels vanuit die moderne era wat bygedra het tot die ontwikkeling van wetenskaplike metodes om ironies 'die heelal te vernietig....' Die moderne era is die periode waartydens die idees van die outonome rede en historiese progressie hoogty vier. Postmoderniteit verteenwoordig volgens Loubser nie 'n nuwe paradigma nie, maar eerder 'n nuwe neiging. Vir Houdijk (1990:276-277) verteenwoordig postmoderniteit 'n kulturele pluralisme. Daaronder word verstaan die problematisering van die 'humanistiese' karakter van die moderne denke en handelinge in terme van die moderne opvatting van die mens as subjek. Daarom is daar volgens Houdijk sprake van 'n nuwe tydsgees wat tot uitdrukking kom in 'n selfverstaan van die mens waarin die subjek nie meer sentraal staan nie. Houdijk haal Kuypers aan wat glo dat postmoderniteit gekenmerk word deur 'n lewenshouding wat nie meer

fokus op die 'enigste' of 'eintlike' waarheid van die mens en wêreld nie. 'Men laat de vrije loop aan die oneindige pluraliteit van het leven....' (Houdijk 1990:276-277).

Die moderne mens was volgens Kuypers nog geïnteresseerd in 'sosiale wetmatighede' en die 'dieptestrukture' van die maatskaplike werklikheid. Die postmoderne mens egter 'ziet daarvan af, om in zijn lewenshouding ruimte te maken voor die menslikjke creativiteit en veelzijdigheid' (Kuypers, in Houdijk 1990:276). Koslowski word deur Houdijk instemmend aangehaal om te beklemtoon dat in die postmoderne era die mens weer as 'sentrum van die persoonlikheid' ontdek word, en 'niet zoals de verlichting wilde, geheel en al bepaald wordt door opvoeding en maatskappelijke verhoudingen'. In die postmoderne era bestaan die mens vry van die greep van die uitwendige wêreld van relasies en maatskaplike verhoudinge (Houdijk 1990:283).

## 5. GEVOLGTREKKING

Wat is dan nou postmodern en wat is nie? Dit lyk vir ons dat daar tot die konklusie gekom moet word dat die volgende nie noodwendig aspekte van postmoderniteit verteenwoordig nie: 'n 'versteekte betekenis' in 'n teks wat ontdek moet word; die 'beeldskeppende' aktiwiteit van die leser; die invul van 'leë plekke' of 'gapings' deur die leser met die leesaksie wat deur Iser voorgehou word; aspekte soos 'n leser wat 'n kode of groep kodes op 'n teks toepas om van die teks sin te maak (McKnight 1988:167); of wat potensiële betekenisse aktualiseer deur die ontkenning van sekere alternatiewe ten gunste van ander (McKnight 1988:217); aspekte soos die voorrang verleen aan die menslike aktiwiteit grondliggend aan die samestelling en interpretasie van die teks; en die noodsaak van 'n verbandlegging tussen die elemente van analise met menslike kompetensie (McKnight 1988:13).

Hierdie stelling word gegrond op die volgende oorwegings: Ons het daarop gewys dat Kirsten (1988:19) aangetoon het dat postmoderniteit '...'n ingrypende relativering en inperking van die draagwydte van die rede en 'n opskorting van die konstituerende rol van die menslike subjek' propageer. Ook het Houdijk (1990:276-277) uitgewys dat in terme van postmoderniteit die subjek nie meer sentraal staan nie.

By leser-responskritiek, soos toegepas deur Iser en McKnight, is juis daardie aspekte waarvan daar gepoog word om in die postmoderne era weg te beweeg, die oorwegende. By hierdie skrywers is dit moontlik dat die subjek, in die vorm van die leser, steeds die objek, die teks, domineer, manipuleer en totaal beheer. Dit is juis hierdie manipulasie en eksploitasie wat die tipiese van die moderne tydperk uitmaak.

Ook op grond van die insigte van Jacques Derrida moet die postmoderne aansprake van die genoemde leser-responskritici as misplaas aangedui word. Derrida (in Baynes 1987:121) het hom onder andere soos volg hieroor uitgelaat: 'We are never complete masters of the language we use, its effects always go beyond what we can control....' Iser se lesersubjek vul egter die leë plekke in; McKnight s'n aktualiseer die potensiële betekenisse; Calinescu & Fokkema (1987:195-196) se lesersubjek is selfs die mede-outeur van die teks wat as leser nie net die interpretasie van die skrywer nie, maar ook sy kontrole van die teks dupliseer.

Loubser, as 'n politieke leser van tekste, kan in 'n groot mate oor dieselfde kam as die leser-responskritici geskeer word. Nie alleen vereenselwig hy hom met McKnight nie (Loubser 1990:2), maar sy bewering dat postmoderniteit gekenmerk word deur 'n toenemende bewussyn van lees en interpretasie as belanghebbend, verraai die modernistiese trek van manipulasie. Hy moedig in die naam van postmoderniteit 'n pluralistiese oplossing vir konflik en 'n 'wisselwerking van teologieë' in die Nuwe Testament aan. Die beklemtoning van pluraliteit met betrekking tot interpretasie en praxis is sekerlik deel van die postmoderne gees. Tog bly Loubser in hierdie 'postmoderne' proses nog binne die modernistiese raamwerk waarin die menslike subjek die inisieerder en volvoerder van sake is.

Ons stem derhalwe met Aichele (1989:33) saam: deur bloot van die verwysende (semantiese) na die retoriese (pragmatiese) te verskuif, verteenwoordig nie 'n 'postmoderne wending' opsigself nie. Soos Aichele kan ons toegee dat 'n 'postmoderne selfbewussyn' in so 'n verskuiwing teenwoordig is. Van 'postmoderniteit' in die Derridiaanse sin van die woord is egter nie sprake nie. Moore (1989:36) het ook raakgesien dat daar 'n moontlikheid bestaan dat elke Bybelkritikus wat die taak het om tussen die moderne en postmoderne te onderskei, die gevaar loop om die postmoderne stempel op enige kulturele of kritiese praktyk te plaas. Moore wys ook op McKnight se boek *Postmodern use of the Bible* as 'n voorbeeld van iemand wat hieraan skuldig is.

Waaruit bestaan dan 'n 'ware' postmoderne Bybelkritiek? Om daaraan geboorte te gee, sal volgens Aichele (1989:34) 'reading against the grain' vereis. Oor laasgenoemde saak handel Domeris (1991). Domeris (1991:74) behandel onder andere kortliks die standpunt van Mosala wat die Bybel 'against the grain' lees. Domeris stel dat die Bybel vir Mosala die produk is van die regerende 'elite' van sy tyd. Mosala glo dat die korrekte wyse om die Bybel te lees, is nie om te vra wat die Bybel sê nie, maar juis wat die Bybel nie sê nie. Daar moet gevra word na die 'stiltes' in die Bybel om so die oorsponklike klassekonflik te ontdek waarbinne die volle boodskap van die Bybel duidelik sal word.

Moore (1989:39-40) skets die situasie in hedendaagse Bybelkritiek soos volg: Daar word 'n uitdaging aan die historiese Bybelkritiek gestel deur die gehoorgeoriënteerde teorie en kritiek wat volgens Moore opbou tot 'n herhaling binne Bybelnavorsing. Dit het reeds by Immanuel Kant begin. Sedert Kant is dit problematies om die objek van kennis te beskou as iets wat kennis objektief in sigself bevat. Objektiwisme is prys gegee. Dialektiek het in die plek daarvan gekom. Die deels konstitutiewe handeling van die kennende subjek se denke om aan daardie objek sy verskyning te gee, word nou waarderend beklemtoon (vgl ook Stumpf 1988: 307). Maar verdien hierdie 'stille' Kantiaanse rewolusie wat vandag besig is om in die Bybelwetenskap voltrek te word, en reeds deur mense soos Friedrich Schleiermacher en Rudolf Bultmann met hulle beklemtoning van die hermeneutiese sirkel geantisipeer is toe hulle die onmoontlikheid van vooronderstellinglose eksegese lank gelede beklemtoon het, die postmoderne stempel? Volgens Moore verteenwoordig hierdie beweging nie 'n postmoderne ontwikkeling as sodanig nie.

Loubser (1990:2-3) is korrek wanneer hy sê dat die 'postmoderne toestand' 'n nuwe stel probleme en uitdagings bied. Dit is veral die geval as ons met Kirsten saamstem dat die teoretiese kern van postmoderne denke implikasies het wat die grense van die akademie te bowe gaan: 'Die kritiek op 'n fundamentalistiese rasionalisme gaan hand aan hand met die ontmaskering van die antroposentriese, egoïstiese en besitlike aspekte van die Westerse individualisme'. Dit is daarom nie korrek om die postmoderne stempel te plaas op al die nuwe hermeneutiese invalshoeke wat van die historiese kritiek afskeid wou neem of dit wou restoureer of die pragmatiek ernstig wou opneem nie. Ons moet onderskei waarop dit werklik aankom. Die dekonstruksie lyk na een van die weinige nuwe benaderings wat eg postmodern is. Maar ook dit verteenwoordig 'n selektiewe afskeid neem van dit waarvan dit afhanklik is (Van Aarde 1990:308).

Die toenemende baie skrywers wat beweer dat hulle 'postmodern' dink en te werk gaan, moet krities en met groot versigtigheid bejeën word. Veral die leser-responskritiek en politieke lesing se postmoderne aansprake moet in die lig van die insigte van veral Jacques Derrida bevraagteken word.

## Literatuurverwysings

Aichele, G 1989. On postmodern biblical criticism. *Forum* 5/3, 42-60.

Barkhuizen, J H 1983. Linguïstiese grondslae van moderne teksinterpretasie. *HTS* 38/5, 28-34.

Brynes, K (red) 1987. *After philosophy: End or transformation*. Cambridge Massachussets: MIT Press.

Calinescu, M E & Fokkema, D (eds) 1987. *Exploring postmodernism*. Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.

De Beer, C S 1986. *Dekonstruktiewe lesing van 'n teks*. *HTS* 42, 435-436.

Domeris, W R 1991. Reading the Bible against the grain. *Scriptura* 37, 68-81.

Fowler, P M 1989. Postmodern Biblical criticism. *Forum* 5/3, 3-30

Hartin, P J 1986. Deconstruction and theology. *Journal of Theology for Southern Africa* 54, 25-34.

Holub, R C 1984. *Reception theory: A critical introduction*. New York: Methuen.

Houdijk, R 1990. De mens onttroond? Het postmodernen denken en de theologie. *Tijdschrift voor Theologie* 30, 276-295.

Hunter, J H 1987. Deconstruction and Biblical texts: Introduction and critique. *Neotestamentica* 21, 125-140.

Huyssen, A 1986. *After the great divide: Modernism, mass culture, postmodernism*. Bloomington: Indiana University Press.

Kirsten, J M 1988. Die postmoderne projek: Aspekte van die hedendaagse afskeid van die moderne. *SATW* 7/1, 18-36.

Lategan, B C 1987. Inleidende opmerkings oor resepsieteorie en die uitleg van Bybelse materiaal. *NGTT* 28, 112-118.

Loubser, J A [1993]. Postmodernism, post-apartheid theology and New Testament Studies, in Mouton, J (ed) *Theology in the 1990's*. Pretoria: HSRC. (Forthcoming.)

McKnight, E 1978. *Meaning in texts: The historical shaping af a narrative hermeneutics*. Philadelphia: Fortress.

--- 1988. *Postmodern use of the Bible: The emergence of reader-orientated criticism*. Nashville: Abingdon Press.

Moore, S D 1989. Postmodernism and Biblical studies: A response to Robert Fowler. *Forum* 5/3, 36-41.

Stumpf, S E 1988. *Socrates to Satre: A history of philosophy*. New York: Macraw-Hill.

Van Aarde, A G 1985. Skrifgebruik: Hermeneutiese riglyne. *HTS* 41, 547-578.

--- 1988. Historical criticism and holism: Heading toward a new paradigm? in Mouton, J, Van Aarde, A G & Vorster, W S (eds), *Paradigms and progress in theology*, 49-64. Pretoria: HSRC.

--- 1989. Resonance and reception: Interpreting Mt 17:24-27 in context. *Scriptura* 29, 1-12.

--- 1990. Holisme as 'n postmodernistiese filosofie in teologiese lig. *HTS* 46, 293-311.